

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



AANVULLENDE SAKELYS **vir die** **AGTSTE SINODE** **gehou te Pretoria**

8 – 13 September 1997

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die sinode oor sake daarin besluit het nie.*

Inhoudsopgawe

ADDENDUMVERSLAE VAN

1.	FINANSIËLE KOMMISSIE (FK)	216
2.	<i>DIE BOODSKAPPER EN DIE JEUGBOODSKAPPER</i>	
	(DB EN DJB)	227
3.	KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK (KKM)	228

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AGTSTE SINODE: 08-13 SEPTEMBER 1997

AANVULLENDE VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE

AFDELING A

1. ADDISIONELE SAKE

Die FK het op 7 Augustus 1997 vergader om die begroting vir 1998 op te stel.

Daar het egter drie sake voorgekom wat ook voor die sinode gelê moet word.

1.1 Tarief vir reiskoste (vgl. bl. 55 van die Sakelys)

Die FK het weereens die tabelle van die AA geraadpleeg en besluit:

1.1.1 Die tarief van reiskoste vir sinodale werk word vasgestel op R1-20 per km vanaf 1 September 1997.

1.1.2 By kerkrade word aanbeveel dat die leraars se reiskoste bereken word teen R1-20 per km vanaf 1 September 1997.

1.1.3 Motivering

Die berekening word gegrond op 'n voertuig van 1800 cc teen 'n aankoopprys van R60 000 en 30 000 km gereis per jaar.

1.1.4 AANBEVELING

Die sinode keur die optrede van die FK goed, nl. dat die tarief vir reiskoste vasgestel word op R1-20 per km vanaf 1 September 1997.

1.2 MOONTLIKE GOEDKOPER MEDIESE SKEMA (VGL. SAKELYS BL. 53)

1.2.1 Die FK en BRKA het 'n gesamentlike vergadering gehou en die volgende besluite is geneem:

1.2.1.1 Na talle besprekings en baie inligting wat bekom is, oordeel die vergadering dat 'n keuse gemaak moet word tussen twee skemas: Kaapse Mediese Plan en Discovery Plan (onderskryf deur Momentum).

1.2.1.2 Die vergadering dra dit aan br. BJM Rossouw op om 'n bevatlike en maklik verstaanbare stuk op te stel met 'n vergelyking tussen die twee skemas.

1.2.1.3 Bogenoemde stuk word by die sinode aan elke afgevaardigde beskikbaar gestel vir bestudering. Die stuk is nie betyds gefinaliseer sodat dit deur die Kerkkantoor aan elke kerkraad en elke leraar gestuur kon word soos die FK besluit het nie.

1.2.2 Die finale besluit oor 'n moontlike verandering van die Kaapse Mediese Plan na die Discovery Plan word deur die sinode geneem.

1.3 Beskrywingspunt: Kwytskelding van 15% op boufondse (Ring van Somerset-Oos)

Vgl. Sakelys bl. 90 pt. 5.3.1

Die sinode beveel by kerkrade aan dat kleiner gemeentes wat 'n predikant het en besig is om kerk te bou, kwytskel word van 15% oorbetalings aan die BRKA op spesiale boufonds-insamelings uitgesonderd die gewone insamelings soos dankoffers, bankkollekte, verbondsonderrig, vroueaksie en basaars.

Motivering

Kleiner gemeentes vind dit bitter moeilik om die leraar se pakket te dra en terselfdertyd ook 'n kerkkompleks op te rig, gedagtig aan die feit dat hulle die sinode se wens vervul dat 'n gemeente 'n predikant moet beroep.

Die Ring van Somerset-Oos vra min of meer dieselfde as die Ring van Moot-Sentraal. Die aanbeveling op bl. 92 pt. 5.3.8 van die Sakelys geld dus ook hier.

AFDELING B

BEGROTING VIR 1998

1. ONTVANGSTE

Die FK het besluit om weereens die 15%-bydraes uit gemeentes gedurende 1996 te neem as basis vir die beraamde ontvangste vir 1998.

Volgens die geouditeerde state het dit R4 627 316 beloop. (vgl. Sakelys bl. 74)

Die FK oordeel dat begroot word vir ontvangste van R4,6 miljoen vir 1998.

2. UITGAWES

2.1 Die FK het elke kommissie en die BRKA versoek om hul begrotings voor 30 Junie 1997 aan die rekenmeester te besorg. Die rekenmeester moes weereens teen einde Julie meeste van die kommissies telefonies nader om die begrotings te bekom. Dit het natuurlik ekstra onkoste meebring.

Die FK het elke aanvraag noukeurig deurgewerk en probeer om soveel as moontlik besparings te bewerkstellig.

2.2 Die totale aanvrage beloop R5 911 950.

Volgens die beskikbare berekende ontvangste van R4,6 miljoen was die aangevraagde bedrag heeltemal onaanvaarbaar.

Daarom sal daar drastiese stappe toegepas moet word om die uitgawes aan te pas by die beskikbare verwagte inkomste. Alle betrokkenes se samewerking sal hiervoor nodig wees.

2.3 Die FK het uiteindelik die bedrae soos volg aangepas:

2.3.1 Ad hoc-kommissie (Hersiening *Skriflig*)

	R
Werklik 1996	9 891
Begroting 1997	18 000
Aanvraag 1998	8 000.

Die FK beveel R8 000 aan, aangesien die kommissie se opdrag voltooi moet word. Die FK oordeel egter dat hierdie bedrag onder Publikasies moet ressorteer.

2.3.2 Argiefkommissie (Sakelys bl. 192)

	R
2.3.2.1. Werklike uitgawes 1996	38 904
Begroting 1997	44 500
Aanvraag 1998	169 500.

2.3.2.2 Die FK beveel R50 000 aan.

2.3.2.3 Die FK oordeel dat in die lig van die finansiële omstandighede daar nie nou 'n voltydse pos geskep kan word nie.

2.3.3 Barmhartigheidsdiens

	R
2.3.3.1 Werklike uitgawes 1996	161
Begroting 1997	10 400
Aanvraag 1998	10 000.

2.3.3.2 Die FK het kennis geneem van die beskrywingspunt van die Ring van Mooinooi (bl. 214) en ondersteun die gedagte.

2.3.3.3 Daarom beveel die FK aan dat die aangevraagde bedrag nie begroot word nie.

2.3.3.4 Indien daar sake op die terrein van Barmhartigheidsdiens is wat die aandag van die kerkverband verg, word dit aan die SKK opgedra om dit te hanteer, desnoods deur 'n sub-kommissie of iets dergeliks.

2.3.4 BRKA

2.3.4.1 Hierdie aanvrae is saam met die BRKA deurgewerk.

	BEGROTING 1996 R	WERKLIK 1996 R	BEGROTING 1997 R	AANVRAAG 1998 R	BEGROTING 1998 R
UITGAWES	1 658 100	1 582 821	1 854 000	2 433 000	2 405 000
APK - Trustfonds	120 000	60 000	-	60 000	60 000
APK Jeugtuiste - verlies		56 596	24 000	48 000	40 000
Bankkoste	1 000	3 311	4 000	4 000	4 000
Diverse	5 000		5 000	5 000	5 000
Groepversekering	55 000	44 231	55 000	55 000	55 000
Huur van toerusting	25 000	20 553	20 000	-	-
Instandhouding - geboue/terrein/meubels	80 000	73 774	200 000	250 000	250 000
Mediese bystand afgetrede lede		35 035	50 000	90 000	90 000
Munisipale koste	55 000	11 013	40 000	40 000	40 000
Ouditgelde	3 600	4 750	4 000	5 000	5 000
Posgeld	15 000	11 565	15 000	20 000	20 000
Regskoste	10 000	2 148	5 000	5 000	5 000
Reiskoste - administratief	35 000	25 337	35 000	40 000	35 000
Reiskoste & etes - vergaderings	45 000	11 020	20 000	35 000	35 000
Rente betaal		3 084	4 000	4 000	4 000
Salarisse - administratief	1 100 000	1 138 418	1 255 000	1 666 000	1 665 000
Skryfbehoeftes	50 000	29 854	50 000	50 000	40 000
Spaarplan - leraars	11 500	11 364	12 000	-	-
Spyseniering en verversings	6 000	3 789	6 000	6 000	5 000
Telefoon en faks	25 000	21 820	30 000	30 000	30 000
Versekering	16 000	15 159	20 000	20 000	17 000
KAPITAALITEMS	310 000	124 042	180 000	70 000	50 000
Meubels en toerusting	100 000	124 042	80 000	70 000	50 000
Verbeterings: geboue	210 000	-	100 000	-	-
	1 968 100	1 706 863	2 034 000	2 503 000	2 455 000

2.3.4.2 Die BRKA word versoek om die verlaagde syfers in die begroting so toe te pas.

2.3.4.3 Jeugtuiste

Die FK oordeel dat in vergelyking met die vorige jare R40 000 voldoende behoort te wees.

AANBEVELINGS

2.3.4.3.1 Die sinode begroot R40 000 vir die Jeugtuiste in 1998.

2.3.4.3.2 Die sinode besluit dat die tekort wat die Jeugtuisterekening ondervind, jaarliks per begroting aangesuiwer word.

2.3.4.4 Vergaderings

Die BRKA word versoek om sover moontlik verdere besparings toe te pas, onder andere deur gebruik te maak van telefoonvergaderings om kleiner sake af te handel.

2.3.4.5 Instandhouding (vgl. Sakelys bl. 141)

AANBEVELING

Die sinode besluit om 'n Instandhoudingsfonds vir geboue te skep om dadelik in werking te tree.

2.3.4.6 Spaarplan - leraars

Die FK wys daarop dat dié item verval, aangesien die 10 jaar tydperk verstryk het.

Die FK oordeel dat hy namens die betrokke leraars dank wil oordra aan die destydse KVK wat dié Plan geskep het vir finansiële hulp aan die eerste leraars wat hul pensioenvoordele ingeboet het.

2.3.4.7 Salarisse

Die FK het alles moontlik gedoen om die bedrag te verminder, maar oordeel dat dit so aanvaar moet word.

Opmerking

By die bedrag van R1 665 000 is 'n 10% inflasie-aanpassing ingereken, asook die moontlikheid van twee addisionele poste (soos in die verslag van die BRKA aan die sinode voorgelê word).

2.3.5 Bybelverklaring

	R
Werklike uitgawes 1996	6 103
Begroting 1997	8 600
Aanvraag 1998	13 000.

2.3.5.1 Die FK beveel aan dat R8 000 toegestaan word vir 1998.

2.3.5.2 In die lig van besnoeiing wat by die finansies toegepas moet word, vra die FK of die Kommissie vir Bybelverklaring nog moet voortbestaan.

2.3.6 Finansies

2.3.6.1 Die FK sit in dieselfde dilemma as die ander kommissies nl. dat dit afhang van waar die lede van die kommissie woonagtig is. Verder oordeel die FK dat dit noodsaaklik is om driemaandeliks te vergader, ten einde die nodige kontrole oor die finansiële toestand uit te oefen.

2.3.6.2 Die FK glo dat R17 000 'n billike syfer is.

	R
2.3.6.3 Werklike uitgawes 1996	17 662
Begroting 1997	17 000
Aanvraag 1998	17 000.

2.3.7 Formuliere en Liturgie

	R
2.3.7.1 Werklike uitgawes 1996	8 570
Begroting 1997	14 600
Aanvraag 1998	14 600.

2.3.7.2 Die FK beveel aan dat R12 000 toegestaan word.

2.3.7.3 Die FK het met dank kennis geneem dat hierdie kommissie goed beplan, bv. deur selfs oor twee dae een vergadering te hou, eerder as twee vergaderings.

2.3.8 Jeug en Verbondsonderrig

	R
2.3.8.1 Werklike uitgawes 1996	13 240
Begroting 1997	25 800
Aanvraag 1998	30 000.

2.3.8.2 Die FK beveel aan dat R25 000 toegestaan word.

2.3.8.3 Die FK doen aan die hand dat die uitgawe van kursusse wat gereël word, deur die plaaslike en betrokke instansies (gemeente of ring) gedra word.

2.3.9 Kerkleer en Christelike Etiek

	R
2.3.9.1 Werklike uitgawes 1996	0
Begroting 1997	4 300
Aanvraag 1998	4 000.

2.3.9.2 Die FK beveel aan dat R4 000 toegestaan word.

2.3.10 Kerkregtelike Sake

	R
2.3.10.1 Werklike uitgawes 1996	22 989
Begroting 1997	30 000
Aanvraag 1998	40 000.

2.3.10.2 Die FK beveel R30 000 aan.

2.3.10.3 Die FK versoek die KKS om meer van telefoonvergaderings gebruik te maak om daardeur duurder reiskoste te bespaar.

2.3.10.4 Die FK oordeel dat 'n dringende beroep op lidmate en kerkrade gedoen moet word om ernstig te let op handelswyse, optredes, ens. sodat daar minder aandag aan verskille en (soms onnodige) kerkregtelike sake gegee moet word.

2.3.11 Kerksang en -musiek

	R
2.3.11.1 Werklike uitgawes 1996	R22 277
Begroting 1997	R25 800
Aanvraag 1998	R30 000

2.3.11.2 Die FK beveel R20 000 aan ter wille van besparing.

2.3.12 KURATORIUM

2.3.12.1 Aanvrae

	BEGROTING 1996 R	WERKLIK 1996 R	BEGROTING 1997 R	AANVRAAG 1998 R	BEGROTING 1998 R
DOSENTEVERGOEDING	540 000	591 023	701 000	816 800	816 400
REISKOSTE: DOSENTE	30 000	34 375	38 000	38 000	38 000
REISKOSTE: VERGADERINGS	30 000	37 809	30 000	40 000	30 000
BIBLIOTEEKFONDS	-	-	10 000	10 000	10 000
WILLIE LUBBE STUDIEFONDS	200 000	200 000	256 000	250 000	200 000
	800 000	863 207	1 035 000	1 154 800	1 094 400
ANDER UITGAWES					
Huur van toerusting	3 300	2 201	-	-	-
Instandhouding: Geboue, terrein, meubels	11 000	24 669	53 000	53 000	40 000
Munisipale koste	12 000	3 297	6 000	6 000	6 000
Rekenaaropleiding	-	3 600	-	-	-
Salarisse: Administratief	101 000	105 585	112 000	122 200	122 200
Skryfbehoeftes	11 000	3 518	11 000	11 000	5 000
Telefoon	11 000	10 936	11 000	11 000	9 000
Versekering: Meubels en toerusting	1 100	2 107	1 100	2 200	2 200
Verversings	1 200	1 261	1 200	1 200	1 200
TOTALE UITGAWES	951 600	1 020 381	1 230 300	1 361 400	1 280 000

Kleine oploop + groot eenheidsdoel — hier liever dit.

2.3.12.2 Die FK beveel aan dat die volgende by die aanvrae verminder word:

2.3.12.3 Die FK oordeel dat die Kuratorium dringend meer bydraes vir die Willie Lubbe Studiefonds van gemeentes moet vra.

2.3.12.4 Die FK oordeel dat die Kuratorium by 'n moontlike aftrede van dosente moet oorweeg om slegs vier dosenteposte te behou, deur middel van hersiene verdeling van die doseerwerk. Die begroting kan slegs dra wat uit gemeentes bygedra word.

2.3.12.5 Die Kuratorium moet gevra word om uitgawes aan skryfbehoeftes en telefoon te besnoei.

2.3.13 PUBLIKASIEKOMMISSIE

2.3.13.1 Aanvrae

Handelingen 1 per leeuw } - a. mee' geschoor werd.
Handelingen 1 per gemeente.

Brookesia zosterata
 ex. Buessegrand
 Le Reuila
 1) Dark grey v. MB
 2) 1st inst 50% of 1-00
 3) Euglossa papae Gebm. &
 4) Pyge Bonasia bidneyi
then apfroy
 5) Kalpo-teu v. MB

JJB re vegetating
 - look of new
 beginning of
 paper so
 gotten her
 her longcom
 he Phd course

2.3.13.2 Die pos van Bestuurder/Bemarker kan nie gevul word voordat die finansiële toestand verbeter nie. Wanneer die pos gevul word, moet die pos homself finansiëel dra - anders is dit nie geregverdig nie.

2.3.13.3 Die FK gee die volgende wenke aan die Pk. deur:

2.3.13.3.1 'n Daadwerklike ondersoek moet ingestel word na die sukses van publikasies.

2.3.13.3.2 Hierdie aanvraag waarvoor die sinodale begroting verantwoordelik is, moet besnoei word.

2.3.13.3.3 Die FK oordeel dat die begroting slegs gebruik kan word vir subsidiëring van sinodale publikasies, soos *Die Boodskapper*.

2.3.14. SKK (Tabel deur Leon)

2.3.14 SKK

2.3.14.1 Aanvrae

	BEGROTING 1996 R	WERKLIK 1996 R	BEGROTING 1997 R	AANVRAAG 1998 R	BEGROTING 1998 R
SINODE-UITGAWES	40 000	120	40 000	50 000	50 000
BEDIENINGSUITGAWES	550 000	574 510	600 000	1 000 000	800 000
10-JARIGE FEESVIERING	0	7 780	30 000	-	-
REISKOSTE: VERGADERINGS	35 000	18 290	20 000	25 000	20 000
ANDER KOMMISSIEWERK	15 000	8 228	10 000	15 000	10 000
SUB-TOTAAL	640 000	608 927	700 000	1 090 000	880 000
STUDIEFONDS - LERAARS	-	69 145	50 000	70 000	50 000
TOTAAL	640 000	678 072	750 000	1 160 000	930 000

2.3.14.2 Bedieningsfonds

2.3.14.2.1 Die FK oordeel dat dié toekenning gesnoei moet word.

2.3.14.2.2 Die FK oordeel dat groot verantwoordelikheid toegepas moet word by aansoeke en toestaan van geldelike hulp aan gemeentes en dat hierdie hulp alleen aangewend kan word vir klein, afgeleë gemeentes.

3. SAMEVATTING

3.1 Inkomste

3.1.1 Volgens die finansiële state vir die tydperk Januarie tot Junie 1997 het die inbetalings van gemeentes slegs R1 999 254 beloop wat 'n daling van 3,2% teenoor die ooreenstemmende tydperk van 1996 beteken.

3.1.2 Gereken oor die volle jaar 1997, en met inagneming van die feit dat kermisse normaalweg in die tweede helfte van die jaar gehou word, sal die berekende inkomste (ontvangste) dus R4,5 miljoen beloop (teenoor R4,6 miljoen in 1996).

3.1.3 Die persentasie van bydraes uit gemeentes kan dus nie verminder word nie en sal 15% moet bly.

3.2 Uitgawes

3.2.1 Met die syfers wat die FK aanbeveel vir die begroting inbereken, is die uitgawes afgebring na R5 299 000.

3.2.2 Die FK oordeel dus dat dié sinode opdrag gee aan elke kommissie (BRKA ingesluit) om vir 1998 nog minstens 10% te besnoei (dié werklike oorskryding beloop 13,2%).

4. AANBEVELINGS

4.1 Die sinode begroot vir ontvangste uit gemeentes R4,6 miljoen in 1998.

4.2 Die sinode keur die volgende opgesomde begroting van uitgawes goed op voorwaarde dat elke kommissie (BRKA ingesluit) nog minstens 10% (indien moontlik 13,2%) bespaar op hierdie syfers, sodat daar nie vir 'n tekort begroot word nie.

	BEGROTING 1996	WERKLIK 1996	BEGROTING 1997	AANVRAAG 1998	BEGROTING 1998
	R	R	R	R	R
Ad hoc-Hersieningskommissie		9 891	18 000	8 000	8 000
Argief	50 000	38 904	44 500	169 500	50 000
Barmhartigheidsdiens	12 500	161	10 400	10 000	-
BRKA	1 658 100	1 582 821	1 854 000	2 433 000	2 405 000
Bybelverklaring	10 000	6 103	8 600	13 000	8 000
Finansies	15 000	17 662	17 000	20 000	17 000
Formuliere en Liturgie	1 000	8 570	14 600	14 600	12 000
Jeug en Verbondsonderrig	20 000	13 240	25 800	30 000	25 000
Kerkleer en Christelike Etiek	5 000	-	4 300	4 000	4 000
Kerkregtelike Sake	25 000	22 989	30 000	40 000	30 000
Kerksang en -musiek	30 000	22 277	25 800	30 000	20 000
Kuratorium	951 600	1 020 381	1 226 700	1 361 400	1 280 000
Publikasies	80 000	24 506	242 500	548 450	460 000
SKK	640 000	678 072	750 000	1 160 000	930 000
	3 498 200	3 445 577	4 272 200	5 841 950	5 249 000
KAPITAALITEMS	350 000	350 000	180 000	70 000	50 000
	3 848 200	3 795 577	4 452 200	5 911 950	5 299 000

4.3 Die sinode gee opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die goedkeuring van die FK en BRKA nie.

Die Publikasiekommissie het sinvolle voorstelle aangebied met die oog op besparing, veral in die geval van lede van kommissies wat verhuis.

Die FK beveel die volgende aan:

4.4 Die sinode besluit dat by die samestelling van kommissies die begroting in ag geneem moet word. Kundige persone moet nie gediskwalifiseer word bloot omdat hulle ver van Pretoria woon nie. Die getal lede van 'n kommissie moet dan eerder aangepas word.

4.5 Die sinode gee toestemming aan kommissies om die volgende maatreëls te gebruik wanneer 'n lid van 'n kommissie verhuis:

4.5.1 Wanneer 'n lid verhuis en sy reiskoste vir vergaderings kan nie in die kommissie se begroting ingepas word nie, kry die kommissie volmag om iemand anders te koöpteer as volle lid.

4.5.2 Indien die kommissie oordeel dat die lid wat verhuis se dienste noodsaaklik is, kan die kommissie met die FK en die BRKA onderhandel ten einde 'n billike reiskoste vir die betrokke lid vas te stel, binne die begroting van die betrokke kommissie.

4.5.3 Daar kan ook van telefoon-vergaderings gebruik gemaak word.

Die FK vertrou dat hy hiermee sy opdrag uitgevoer het.

VOORSITTER

SKRIBA

AANVULLENDE VERSLAG AAN DIE SINODE VAN 1997 OOR DIE BOODSKAPPER
EN DIE JEUGBOODSKAPPER

7 Mei 1997 - 31 Augustus 1997

1. Oplaag DB en DJB: Junie/Julie 1997 - Augustus 1997

	Junie/Julie 1997	Augustus 1997
DB	16 020	15 500
DJB	10 000	10 000

2. Verspreiding van DB en DJB: Junie / Julie 1997 - Augustus 1997

	Junie/Julie 1997	Augustus 1997
DB: Gemeentes	14 844	14 844
Individue	271	271
Komplimentêr	339	307
Pliglewering	5	5
Totaal:	15 459	15 427
DJB	9 639	9 744

3. Staat van Inkomste en Uitgawe t.o.v. DB en DJB: Junie / Julie 1997 - Augustus 1997

INKOMSTES

UITGAWES

DB + DJB	1. Intekengeld		DB	1. Drukkoste	R54 734,95
	1.1 Gemeentes	R21 165,49		2. Posgeld	R 4 228,20
	1.2 Individue	R 238,50		3. Medewerkers	R 2 606,00
	2. Advertensies	R 4245,50		4. Verpakkers	R 1 176,60
			DJB	1. Drukkoste	R 8 795,10
				2. Medewerkers	R 641,00
Totaal		R25 649,49			R 72 181,85

4. Die aantal vergaderings wat bykomend gehou is oor dié tydperk is 2. Daar het 2 verdere uitgawes van Die Boodskapper en Die Jeugboodskapper verskyn en die gemiddelde aantal bladsye van Die Boodskapper vir dié twee uitgawes was 22.

w.g. HJ SMITH (redakteur)

R MARÈ (voorsitter van Pk.)

AANVULLENDE VERSLAG: DIE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK (KKM)

NUWE PSALM- EN GESANGEBOEK

U kommissie het die eer om soos volg te rapporteer insake die werk aan die beoogde nuwe Psalm- en Gesangeboek wat DV teen die jaar 2000 of vroeër sal verskyn. Hierdie werk word gedoen in samewerking met die ander drie Afrikaanse Kerke.

1. ALGEMENE INDRUKKE

1.1 Afgevaardiginge van die ander kerke

Ons is onder die indruk dat die ander Afrikaanse Kerke van sy bekwaamste mense gestuur het na die gesamentlike werksvergaderinge. Daar is teoloë, musikoloë, Nuwe Testamentici, Ou Testamentici, taalkundiges en ervare digters en ander literêre kundiges. Daar is ook 'n paneel digters wat help met die verwerking van lirieke.

1.2 Gesindhede

Aanvanklik het ons as AP Kerk-afvaardiging baie ontuis gevoel onder die ander afgevaardigdes. Ons het die indruk gekry dat hulle nie baie ingenome is met die feit dat ons saam in die werksvergaderinge is nie. Met verloop van tyd het ons mekaar begin verdra en selfs van mekaar begin hou. Op die laaste werksvergaderinge het ons selfs op voornaamterme met mekaar verkeer. Ons samewerking het ten doel om die beste rondom die kerklied te beding vir ons geliefde kerk.

1.3 Behoudend

Ons ervaar by al die afgevaardigdes dieselfde behoudende ingesteldheid in verband met die kerklied. Geeneen van die afvaardigings is 'n voorstander van charismatiese invloede op die kerklied nie. Almal is egter baie bewus daarvan dat ons gesamentlik 'n wye spektrum van behoeftes verteenwoordig, gesien die generasiegroepe in die kerk.

1.4 Sal die nuwe boeke verkoop?

Verskeie lede het al die vrees uitgespreek dat hierdie nuwe Psalm- en Gesangeboek miskien nie so goed sal verkoop nie. Die hoof van die NG Kerk-Uitgewers het gesê dat plus-minus 'n miljoen boeke verkoop moet word, en dit sal seker teen 'n groot bedrag geld wees.

1.5 Bly by die bepaalde register

Elke lied in die Gesangeboek het 'n bepaalde register en in die werksvergaderings probeer ons daarby bly. Jeugliedere het 'n meer moderne register en ouer liedere het 'n ouer register met woorde soos mededoë, verderfenis, alvermoë, heilsaanskoue, skeemring,

ens. Hierdie woorde voel ons nie om sonder meer te verander nie. Andersyds sou ons nie Bybelvreemde woorde wou inbring wat maklik kan aanstoot gee vir die kerklike publiek nie. Daar is deurgaans 'n hoogs sensitiewe keuring van woordgebruik.

1.6 Werksvergaderings

Ons afvaardiging het vanaf die tweede werksvergadering aangesluit en daarna verskeie werksvergaderings meegemaak. Dit is harde werk en 'n werksvergadering duur drie volle dae.

2. TIPIESE VERANDERINGE AAN BESTAANDE GESANGE

Beide die teoloë en die musikoloë kyk na elke gesang krities en beoordeel dan 'n gesang soos die volgende voorbeelde aantoon: Gesang 130: Behou die melodie. Strofe 2 is problematies en moet in geheel aandag kry; strofe 3 is deurmekaar en moet herrangskik word; strofe 4, reël 2 is teologies verkeerd; 4/3, 4/4 en 4/8 moet aandag kry. Moet dalk kyk na die 1944-teks.

Gesang 169: (Ps. 84: Geneve 1562/Willie Jonker)

Behou die melodie

Strofe 1 in orde

2/2 - ontdaan is argaïes

2/6 + 7 - enjambement pla

Strofe 3 - dalk seksisties en net een lang sin ...

4/3 - probleem met betekenis

4/4 - argaïes (*skeemring van ons reis*)

4/4 + 5 - lastige enjambement

Dagbestuur kan na Willie Jonker verwys om teks te hersien.

Hierdie metode van werk geld beide die gesange en die ander bundels soos *Sing onder Mekaar*, *Jeugsangbundel*, e.a.

3. SKRAPPINGS

3.1 Die volgende gesange het in geheel verval, d.w.s. beide melodie en teks:

4, 12, 13, 18, 19, 20, 21, 22, 24, 25, 27, 30, 31, 32, 33, 35, 37, 43, 44, 48, 50, 56, 60, 68, 72, 84, 93, 98, 107, 112, 118, 126, 127, 137, 139, 144, 145, 150, 151, 153, 154, 155, 157, 160, 161, 184, 193, 207, 215, 221, 233, 239, 250, 251, 261, 267, 268, 271, 273, 274, 278 (tot hier gevorder)

3.2 Gesangemelodieë is behou, maar die teks verval:

7, 11, 14, 42, 46 (teks hersien), 49, 51, 52, 53, 55, 65, 67, 69, 73, 75, 76, 78, 79, 83, 86, 92, 94, 95, 97, 111, 121, 124 (teks moet aandag kry), 130 (moet kyk na 1944-teks), 136, 164, 165, 174, 179, 180, 181, 185, 187, 195, 196, 197, 209, 220, 240, 246, 249, 256 (word nog oorweeg), 258 (word nog oorweeg). Die werksvergadering het tot hier gevorder.

3.3 Gesangemelodieë verval:

40 (alternatiewe melodie word behou), 45 (teks moet aandag kry), 100 (verval as gevolg van die gebruiksfrekwensie), 109, 172, 232. (Tot hier gewerk)

4. SING ONDER MEKAAR-LIEDERE

Die volgende liedere verval in geheel: 3, 7, 15, 16, 34, 37, 43. Die volgende melodieë word behou met verval van die tekste:

8, 13, 19, 23, 33, 36, 45.

Twee melodieë verval: 32, 33. (Die boek is nog nie in geheel deurgewerk nie.)

5. JEUGSANGBUNDEL

Die volgende liedere verval in geheel:

2, 4, 5, 8, 9, 12, 16, 20, 21, 22, 24, 26, 28. Liedere 2 en 29 se teks verval met behoud van die melodie. Hierdie bundel is ook nog nie voltooi nie.

6. VOORBEELDE VAN 'N PAAR NUWE PSALMS EN GESANGE - word aangeheg

7. MOONTLIKE DATUM VAN DIE VERSKYNING VAN DIE NUWE PSALM- EN GESANGEBOEK

7.1 Laaste werksvergadering van die gesamentlike kommissie

Die laaste werksvergadering word DV beplan vir November 1998.

7.2 Op hierdie vergadering sal die verskillende liedere wat ingesluit word, behandel en finaal goedgekeur word.

7.3 Hierna word die finale, goedgekeurde manuskrip van beide die Psalms en Gesange verwys na 'n redaksionele ad hoc-kommissie wat in die teks let op puntuasie, die aanmeakaarskryf van woorde, hoofletters en kleinletters, spelling, ens. en in die musiek op notasie, noot-en-woord-klem, toonaard ens.

7.4 Die manuskrip behoort gereed te wees om gedruk te word teen die eerste kwartaal van 1999.

7.5 Die nuwe Psalm- en Gesangeboek sal dus moontlik reeds gedruk wees en begin versprei word voor die volgende sinode van die AP Kerk, DV September 1999.

8. WYSE WAAROP DIE ANDER AFRIKAANSE KERKE MOONTLIK DIE NUWE PSALM- EN GESANGEBOEK SAL GOEDKEUR

8.1 Onderstaande gegewens is van die verskillende kerke verkry en gee 'n goeie aanduiding van die prosedures.

8.2 Die NG Kerk

Die Algemene Sinode van die NG Kerk sit DV in Oktober 1998. Op hierdie beleidsinode sal 'n beginselbesluit oor die nuwe Psalm- en Gesangeboek geneem word op grond van die aanbeveling van sy groot en vakkundig bekwame kommissies wat werk aan die Psalms en Gesange. Dan sal die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) moontlik die finale kopie goedkeur vir verspreiding.

8.3 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Moontlik sal dieselfde prosedure gevolg word wat gebruik is met die aanvaarding van die nuwe Bybelvertaling twee dekades gelede. Die deputate wat werk aan die Psalms en wat sekere gesange uitkies vir insluiting in die bundel van die Gereformeerde Kerke, sal by die sinode van 2000 aanbeveel dat die bundel deurgestuurd word aan gemeentes vir toetsing en gebruik in die Gereformeerde Kerke. Dit sal moontlik so deur die sinode goedgekeur word.

8.4 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die volgende algemene kerkvergadering vergader DV in Oktober 1998. Op hierdie vergadering sal 'n beginselbesluit geneem word. Moontlik sal hierdie kerk op 'n soortgelyke wyse optree as met die aanvaarding van die huidige Gesangeboek in 1976: Die NH Kerk het die hele Gesangeboek gefotokopieer, aan elke afgevaardigde 'n kopie gegee, die hele sinode byeen geroep, en in 'n dagvergadering goedgekeur. Dit het groot kostes meegebring.

9. GOEDKEURING VAN DIE NUWE PSALM- EN GESANGEBOEK DEUR DIE AP KERK

9.1 Die volgende sinodesitting sal DV plaasvind in September 1999. Dan het die Psalm- en Gesangeboek moontlik reeds verskyn.

9.2 By hierdie sinodesitting moet 'n beginselbesluit geneem word:

9.3 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan drie kommissies, t.w. die KKM, die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE), en die Sentrale Kerkekommissie (SKK) op om die finale kopie van die nuwe Psalm- en Gesangeboek na te sien en goed te keur, sodat die druk van die boek nie vertraag sal word nie. Dit sal gemeentes in staat stel om reeds by die verskyning van die nuwe Psalm- en Gesangeboek kopieë aan te koop vir gebruik in gemeentes. 'n Volledige verslag van hierdie Ad hoc-kommissie sal dan dien voor die volgende sinode van die AP Kerk.

Hiermee vertrou die kommissie dat hy die aangeleentheid van die nuwe Psalm- en Gesangeboek volledig voor die sinode hanteer het.

DS JD VAN DER MERWE
VOORSITTER


DS DJ MALAN
SKRIBA

Hieronder gee ons aan die sinode 'n paar voorbeelde van nuwe Psalms en Gesange, wat in beginsel reeds goedgekeur is.

Psalm 42

Woorde: T.T. Cloete

Melodie: Geneve 1551



1. Smag - tend soos in dor - re stre - ke hoor my na U, He - re, roep.
 2. Ek ont - hou die bly - e da - e son - der spot - klank in my oor,
 3. In die vreem - de wil ek, He - re, om u eer ge - wil - lig ly,
 4. Ho - ë ber - ge, don - ker stro - me, rot - se waar - teen ek ver - gaan,
 5. Maar die dag kom uit die don - ker en die nag het ook sy lig.

Gee my van u hel - der wa - ter en 'n ska - du teen die gloed.
 voor - ste van die fees - ge - no - te wat u lof sing in 'n koor.
 As hul sê: "Jou God be - staan nie" sny dit soos 'n mes deur my.
 moet dan al u gol - we, He - re, een vir een oor my kom slaan?
 In my twy - fel hou ek, He - re, steeds die oog op U ge - rig.

O, ek skroei, Heer, van die pyn oor die ska - re se ve - nyn:
 O, hoe het die lied ver - stom as net tra - ne uit my kom.
 O, dat U my nooit ver - geet, ek weer van my kind - skap weet.
 Ek roep U van Klein - berg aan uit die land van die Jor - daan.
 O, hoe het die lied ver - stom as net tra - ne uit my kom.

God wat heers in al - le ty - e, laat my sing, bring hul tot swy - e.
 U is nog my hel - per, Va - der, en ek weet U trek my na - der.
 U, my Rots, laat staan my vas - ter, ver en vry van dié wat las - ter.
 Is U dan 'n God van swy - e in die mens se swart - ste ty - e?
 U is nog my hel - per, Va - der, en ek weet U trek my na - der.

KYK, DIE HEER HET OPGESTAAN

Woorde: Elsahé Kloppers

Melodie: Robert Williams (1817)

1. Kyk, die Heer het op - ge - staan - Hal - - le - lu - ja;
 2. Kyk, die Heer het op - ge - vaar - Hal - - le - lu - ja;
 3. Een - maal sal ons met Hom wees - Hal - - le - lu - ja;
 4. Kom, laat ons sy Naam be - sing - Hal - - le - lu - ja;

Kyk, die graf het oop - ge - gaan - Hal - - le - lu - ja.
 Hy is by die he - mel - skaar - Hal - - le - lu - ja.
 dan vier ons vir e - wig fees - Hal - - le - lu - ja.
 Hom ons lof - be - tui - gings bring - Hal - - le - lu - ja.

Chris - tus het vir ons ge - sterf - Hal - - le - lu - ja;
 Hy heers op die hoog - ste troon - Hal - - le - lu - ja;
 Ons sal voor Hom sing en juig - Hal - - le - lu - ja;
 Laat ons met ont - sag Hom noem - Hal - - le - lu - ja;

Le - we so vir ons ver - werf - Hal - - le - lu - ja.
 Daar is Hy met eer ge - kroon - Hal - - le - lu - ja.
 Hom vir e - wig dank be - tui - Hal - - le - lu - ja.
 Hom met vreug - de san - ge roem - Hal - - le - lu - ja.

Psalm 25

Woorde: T.T. Cloete

Melodie: Geneve 1551

1. In U stel ek my ver - wag - ting en ek rig my tot U, God.
 2. Wil, o God, my op u weg lei. Maak u wil be - kend, o Heer.
 4. Heer, ver - ge - we my my son - de, net ter wil - le van u Naam:
 5. Sien my aan in u ge - na - de. Ek is een - saam en ver - stoot.

Laat die vy - and met ver - ag - ting my, o He - re, nie be - spot.
 2. Rig my voet en on - der - rig my; wil my in u waar - heid leer.
 4. Jonk was ek en on - be - son - ne - maak my, He - re, vry van blaam.
 5. Doen aan my u won - der - da - de in my al - ler - groot - ste nood.

1. Dié wat U ver - trou en eer, hul word nie deur U be - skaam nie. Skan -
 2. Niks sal an - ders my kan red as u lief - de en u trou nie. En
 4. Al - mal wat die He - re dien, hul - le is Hy toe - ge - ne - e. Wie
 5. Maak my van die vy - and vry, wil my son - des my ver - ge - we. Kyk

1. de kom hul toe, o Heer, wat nie prys stel op u Naam nie.
 2. wat ek ge - son - dig het, moet dit nie teen my bly hou nie.
 4. in Hom hul Red - der sien, hou Hy vei - lig op sy we - e.
 5. hoe sleg gaan dit met my. Laat my in op - regt - heid le - we.

DIE DAG WAT U, O HEER, GEGEE HET

Woorde: Elsabé Kloppers

Melodie: CC Scholefield (1874)



1 Die dag wat U, o Heer, ge
 2. Die self de son wat hier aan't
 3. Ons dank U, Heer, dat U nie
 4. U trou staan vas - net aard - se



gee het, is nou ver - by, die nag kom
 kwyn is, bring oor die see weer og - gend -
 slaap nie, by U bly dit voort - du - rend
 ry - ke laat on - der - da - ne in die



aan; soos U ons mô - re - lied ont -
 lig - voort - du - rend klink men - se
 dag; ter - - wyl - don - ker hier vir
 steek; U ryk brei uit en groei voort -



vang het, neem nou ons nag - ge - bed ook aan.
 stem - me 'n be - de of 'n lof - ge - dig.
 ons is hou U deur heel die wê - reld wag.
 du - rend tot u Dag groots in glo - rie breek.

Psalm 26

Woorde: T.T. Cloete

Melodie: G.C. Olivier

1 Laat reg aan my ge skied. o
 2. Hul al - mal word deur my ver
 3. Van skuld skeld U. Heer. my
 4. Van son - di ges hou ek my
 5 Maar ek, on - skul - dig is ek,

Heer; in on - skuld kom ek my ver
 my; hul wat 'n val se le - we
 kwyt o He re van ge reg - tig
 vry, hul da - de. dié wil ek ver
 Heer. Gee tog ver - hoor aan my ver

weer. Want ek het tog op U ver
 lei. en a! - mal wat be - drie - ers
 heid. Ek gaan my tot u al - taar
 my, die son - di ge, die moor - de
 weer en lui - ster, God, na my ge

trou. U kan my toets. U kan my
 is, die ag ter bak ses van ge
 keer en van u - der - ses van ver
 naar, hy wat met geld - ders daar
 bed. Ek sal dan vo - ren - toe kan

keur, Kom, on - der - soek my deur en
 drag, hul wat ge reg tig heid ver
 tel, ek sal dit daar be kend gaan
 koop. Ek sal nie op hul my - paai - e
 kyk en sien hoe strek pad ge

deur. Ek le - we im - mers deur u
 ag, wat god de - loos is en vol
 stel. Ek het u woon - is plek lief, o
 loop. Ek dat my uit my ge - le - we
 lyk. As U my uit my ge - na - de

trou. En laat my deur u lief - de
 lis. Die men se word deur my - ver
 Heer, die tuis - te van u heer - lik
 spaar. As U ek die son - daar om laat
 red, sal ek ek u Naam, o He - re

lei; laat reg, o Heer, ge - skied aan my.
 my, ek bly van sul - ke son - daars vry.
 heid, waar ek on - skul - dig voor saam my.
 kom, laat ek on - ster - we saam kom, vry.
 prys; U, waar my nie saam - kom, pleit.
 prys; U, waar waar ons saam - kom, hom.

U, JESUS, EERSGEBORE KIND

(Gesang 66)

Woorde: C.J.A. Vos

Melodie: P. Nicolai 1599

1. U, Je - sus, eers - ge - bo - re Kind, u lig sou be - we in die wind en
2. Maak, He - re, my 'n vlam met gloed, in droef - heid en in te - e - spoed, 'n
flik - ker in die don - ker. U, Je - sus, was 'n klein wit vlam, U was so
blink lig in die don - ker. Ek, He - re, 'n ge - rin - ge vlam, ek is so
weer - loos soos 'n lam as oi - fer oor - ge - le - wer. Je - sus Chris - tus,
weer - loos soos 'n lam; ek wy my as u of - fer. Je - sus Chris - tus,
U is He - re, ons buig voor U, hoog ver - he - we, U skenk ons u lig en le - we.
O ons He - re, ons juig voor U hoog ver - he - we, Skenk U ons u lig en le - we.

Psalm 146

Woorde: T.T. Cloete

Melodie: F.G. Bäster, 1804

in F major

1. Prys die He - re, loof en prys Hom. Ek wil God se lof be - sing.
2. Van die mens bly niks be - hou - e. son - der a - sem word sy mond.
3. Hy is goed, die God van Ja - kob, ves - tig ook op Hom jou hoop.
4. Gans sy skep - ping son - der gren - se word deur Hom steeds on - der - hou.
5. God gee uit - koms en be - vry - ding, hon - ge - ri - ges gee Hy brood.
6. Hy sal al - tyd trou ons Heer bly; deur Hom sal daar red - ding kom.
Hy is mag - tig; loof en prys Hom. Ek wil God my lof - lied bring,
Stel in hom dan geen ver - trou - e. selfs wil die mag - tig - ste word grond.
Hul - pe - ses rig hy weer op, blin -de o - tig - e maak Hy oop.
So bly Hy ook aan die men - se as sy maak - sels steeds ge - trou.
Hy ge - nees ons van ons ly - ding en ver - los uit el - ke nood.
Maar die god - de - lo - se stuit Hy en ver - sper sy pad vir hom.
en so - lank ek leef Hom eer. Loof die groot en trou - e Heer.
Al sy plan - ne gaan tot niet. Hoe kan hy jou red - ding bied?
Hy wat als ge - ska - pe het, Hy is ook oor die jou kan red.
Hy die bron van wat be - staan, Die ver - druk - te in ge - bed hoor Hy aan, sy mens be - gaan.
Hy sal al - tyd bly re - geer. Hal - le - lu - ja, prys prys die Heer!

Psalm 87

Woorde: T.T. Cloete

Melodie: G.C. Olivier

1.
 3.
 God Dié
 het wat
 vir Hom
 Si dien,
 on be
 hoog hoort
 ver aan

hef;
 Hom,
 die en
 he hul
 le le
 Ja wat
 kob uit
 word an
 deur der

hom lan
 oor de
 tref. kom,
 Groot word
 din kin
 ge ders
 word van
 van sy

hom stad
 ge ge
 sê. noem.
 Die Met
 stad sang
 se en
 fon dans
 da word

ment Hy
 is ge
 vas prys,
 ge ge
 lê. roem,
 Ook deur
 elk wie
 een Hom

word ken,
 aan in
 God el
 ver ke
 bind land.
 uit Die
 an Al
 der ler

vol hoog
 ke ste
 as hou
 sy sy
 ei stad
 e in
 kind. stand.